

# REGVERDIGMAKING EN HEILIGMAKING VANUIT BYBELSE PERSPEKTIEF

2013 KONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK, MAJUBA, SUID-AFRIKA  
Tekstevse geneem uit die Nuwe Testament van die Afrikaanse Ou Vertaling

## 1. AGTERGROND:

Openbaring 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê:  
**Kyk, die tabernakel van God is by die mense,  
en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees;  
en God self sal by hulle wees as hulle God.**

Sien Aanhangsel A: Tabernakel Uitleg  
en Aanhangsel B: Tabernakel Simboliek

## 2. INLEIDING:

Jud 1:20 Maar julle, geliefdes,  
moet **julleself opbou in jul allerheiligste geloof..**

Esg 18:31 **Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg  
en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees;**  
want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?

Esg 18:32 Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie,  
spreek die Here HERE.  
**Bekeer julle dan en lewe.**

## 3. REGVERDIGMAKING: GOD SE WET IS ONS TUGMEESTER NA CHRISTUS

*Christus onderstreep die geldigheid van die wet van God:*

Mat 5:17 “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie.  
Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.  
Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan,  
sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.  
Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer,  
sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele;  
**maar elkeen wat dit doen en leer,  
hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.**

*Deur die wet van God ken ons die sonde:*

Rom 3:20 aangesien uit die werke van die wet  
geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie,  
**want deur die wet is die kennis van sonde.**

Rom 7:7 ... **ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie ...**

Rom 7:12 **Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.**

Rom 7:14a Want ons weet dat die wet geestelik is...

Heb 10:28 **As iemand die wet van Moses verwerp het,**  
sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;

Heb 10:29 **hoeveel swaarder straf, dink julle,  
sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het  
en die bloed van die testament  
waardeur hy geheilig is, onrein geag het  
en die Gees van genade gesmaad het?**

Gal 3:24 **Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe,**  
sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

#### **4. REGVERDIGMAKING: ONS KAN ONSSELF NIE REGVERDIG NIE**

**Christus leer dat ons onself nie kan regverdig nie:**

- Lukas 10:29 Die wetgeleerde **wou homself regverdig**,  
en sê vir Jesus: En wie is my naaste?  
Waarna Christus die gelykenis van die barmhartige samaritaan vertel.
- Lukas 16:15 En Hy het vir hulle gesê:  
**Dit is julle wat julself regverdig voor die mense,  
maar God ken julle harte;**  
want wat by die mens hoog geag word,  
is 'n gruwel voor God.
- Lukas 18:9 Christus het met die oog  
**op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is**, maar ander verag,  
die gelykenis vertel van die fariseer en die tollenaar wat in die tempel bid.
- Lukas 18:14 Ek sê vir julle,  
**hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een;**  
want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word,  
en hy wat homself verneder, sal verhoog word.
- Gal 5:4 Julle wat **geregverdig wil wees deur die wet**, (*m.a.w. deur goeie werke*)  
is losgemaak van Christus;  
julle het van die genade verval.

#### **5. REGVERDIGMAKING: SLEGS DEUR DIE BLOED VAN CHRISTUS**

- Rom 4:24-25 .. ons glo in God die Vader,  
wat Jesus Christus, ons Heer, uit die dode opgewek het,  
wat oorgelewer was ter wille van ons misdade  
en opgewek is uit die dood **ter wille van ons regverdigmaking**.
- Romeine 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?  
**God is dit wat regverdig maak.**
- 1 Johannes 1:9 **As ons ons sondes bely,  
Hy is getrou en regverdig  
om ons die sondes te vergewe  
en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**
- Romeine 3:24 en ons word **deur sy genade  
sonder verdienste geregverdig  
deur die verlossing wat in Christus Jesus is.**
- Romeine 3:28 Ons neem dus aan  
dat die mens **geregverdig word deur die geloof  
sonder die werke van die wet.**
- Romeine 5:1 Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is,  
**het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;**
- Romeine 5:9 Veel meer dan sal ons,  
**nou dat ons geregverdig is in die bloed van Christus,  
deur Hom gered word van die toorn.**
- Hebreërs 9:22 **En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet,  
en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.**

## **6. HEILIGMAKING: 'N NUWE LEWE VAN OORWINNING DEUR CHRISTUS**

Heb 10:19-20      Ons het dus **vrymoedigheid om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Christus**  
op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die **voorhangsel** heen,

Hebreërs 13:12      Daarom het Jesus ook,  
om die volk deur sy eie bloed te heilig,  
**buitekant die poort gely.**

Romeine 6:22      Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God,  
**het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.**

## **7. HEILIGMAKING: GOD SE WIL VIR ONS LEWENS**

1Petrus 1:15-16      Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul **hele lewenswandel heilig word**, omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig.**

(Soos daar geskrywe is in Levitikus 20:7-8: Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is die HERE julle God.  
**En onderhou my insettinge en doen dit. Ek is die HERE wat julle heilig.)**

Efésiërs 1:4      **soos Hy ons in Hom uitverkies het** voor die grondlegging van die wêreld **om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,**

1 Thes 4:3      **Want dit is die wil van God: julle heiligmaking;..**  
1 Thes 4:7      **Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.**

1 Petrus 1:2      uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, **in die heiligmaking van die Gees,** tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

## **8. HEILIGMAKING: DOEN AFSTAND VAN ALLE ONGERECHTIGHEID**

1 Korinthiërs 3:17      As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; **want die tempel van God is heilig, en dit is julle.**

2 Timótheüs 2:19-21      **..Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongerechtigheid.**

Romeine 6:19      **..so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.**

2 Korinthiërs 7:1      Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, **laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.**

Markus 7:20-23      ... Chritus sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.  
**Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.**

- Johannes 13:10-11 Christus sê vir hom: ... julle is rein, maar nie almal nie. Want Hy het geweet wie Hom sou verrai...
- Handelinge 24:16 Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n **rein gewete** te hê.
- 2 Korinthiërs 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; **en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;**
- 2 Korinthiërs 7:11 .. **In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is.**
- Filippense 4:8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, **bedink dit.**
- 1 Timótheüs 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. **Hou jou rein.**
- 2 Timótheüs 2:22 Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, **saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.**
- Romeine 12:1 **Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.**

## **9. AFSLUITING**

- Opn 22:11b .. laat die regverdige nog regverdiger word, **en laat die heilige nog heiliger word.**
- Heb 12:14 Jaag die vrede na met almal, **en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;**
- Matthéüs 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
- 1 Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, **julle volkome heilig maak,** en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van ons Heer Jesus Christus!

Amen!

HalleluJAH!

Prys ons Hemelse Vader!


*Openbaring 12:11 En hulle het hom oorwin deur die Bloed van die Lam – Koning Jahshua Messias en deur die woord van hulle getuënis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.*

# AANHANGSEL A: TABERNAKEL UITLEG



Bron: Prof. Anati en Flavio Barbiro, Israel, Negev Woestyn



Berg Horeb in Israel se Negev woestyn



Berg Horeb area, 30 jaar argeologiese werk deur Prof. Anati vanaf 1980



Voetspoor en Rekonstruksie van die Tabernakel – deur Flavio en Claudio Barbiero.



# AANHANGSEL B: TABERNAKEL SIMBOLIEK

Bron: Dr. Gerrit Nel, Hebrew People Institute – Seminare en Toere, Jerusalem, Israel



Dr. Gerrit Nel het grootgeword aan die Weskus van Suid Afrika. Hy het gedien as Predikant, sy doktrale tesis voltooi oor die **Tabernakel** en verhuis na Jerusalem, Israel, vanwaar hy die afgelope 16 jaar dien in die **Hebrew People Institute**. Hulle bied toere aan in Israel, asook wêreldwye seminare. Die bediening werp meer lig op die Bybel vanuit die Hebreuse geskiedenis. Hul nuwe RSA webtuiste sal binnekort verskeie leringe oor die Tabernakel bevat.

**Kontakbesonderhede:**

[www.hebrewpeople.com](http://www.hebrewpeople.com)


[info@hebrewpeople.com](mailto:info@hebrewpeople.com)

[tours@hebrewpeople.com](mailto:tours@hebrewpeople.com)

[martie@hebrewpeople.com](mailto:martie@hebrewpeople.com)

# DIE TABERNAKEL VAN GOD-3-ENIG: VADER, SEUN, HEILIGE GEES

<b>ALLERHEILIGSTE</b>	<p><b>7. ALLERHEILIGSTE: RAADPLEGING</b></p> <p>Die Allerheiligste het vlg. Heb 9:4-5 bevat: 'n goue wierookbak (Opb 8:3) en die Goue Ark van die Verbond waarin die goue kruik met die manna was, die staf van Aäron wat gebloei het en die 2 kliptafels van die verbond (10 Gebooie). Daar bo-op het die gérubs van die heerlijkheid die Versoendeksel oorskadu. Vlg. Num 7:89 het Moses God se Stem met hom hoor spreek vanaf die Versoendeksel, wat die Troon van God verteenwoordig (Opb 7:15-17). Die Lam van God - Koning Jahshua Messias is vir Ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, deur wie ons toegang verkry tot die Allerheiligste en nou in 'n nuwe verbond God die Vader mag raadpleeg met Urim en Thummim (Raadpleging Toerusting). Die Allerheiligste was 42 el breed en 10 el lank. Die Robveldak was 6 stroke van 42 el.</p>
	<p><b>6. VOORHANGSEL: TOEGANG</b></p> <p><b>5. REUKOFFER ALTAAR: LOFPRYGING EN DANKSEGGING</b></p> <p><b>4. KANDELAAR: GETUIENIS</b></p> <p><b>3. TOONBRODE TAFEL: WOORD</b></p>
<b>HEILIGDOM</b>	<p><b>2. BRANDOFFER ALTAAR EN KOPER WASKOM: REINIGING</b></p> <p>Die brandoffer altaar (Eks 40:29) was 7 el lank, 5 el breed en 3 el hoog. Daar was 4 offers gebring: 1)Die sonde-offer ter vergifnis van sondes vir die priesters. 2) Die sonde-offer vir die volk en individue. 3) Spysoffer vir priesters. 4) Spysoffer vir die volk op feesdae vir eet in die Heiligdom. Die laaste offer vir sonde is betaal toe die Lam van God - Jahshua Messias (Jesus Christus) vir ons ge-offer is op Golgota aan die Vloekpaal, met Sy kruisiging. Uit die Wet van God weet elkeen wat sonde is en kan ons onself nie verlos van ons sondeskuld nie. Na sondeskuldbelydenis en regverdiging deur die Bloed van die Lam, mag ons in die heiligdom ingaan (Heb 10:19). Die koperwaskom was 3 el in deursnee en 3 el hoog. Die water daarin was gebruik om vuilheid mee af te was. Die koperwaskom verwys na die reinigings proses voor die Heiligdom betree mag word en dien as spieël om jouself in te sien vir wie jy werklik is en hoe jy werklik optree teenoor God-3-Enig, die mens en God se skepping. Daar was 3 kookpote vir voedselvoorbereiding en kook van kersvet vir die kandelaar, 3 el in deursnee, 4 el hoog met pote van 1/2 el hoog (Lev 8:31). Die werksruimte vir diensdoenende priesters was 50 x 14 el, met 'n ingang en uitgang aan die noordekant, elk 2 el breed.</p>
	<p><b>1. VOORHOF: BYMEKAARKOM</b></p>



# TABERNAKEL ORDE

## VAN GOD-3-ENIG: VADER, SEUN, HEILIGE GEES

Eks 25:8-9, Eks 26-40, Eseg 37:27, Heb 8-9, Opb 21:3

### TABERNAKEL OORSIG - TENT VAN SAMEKOMS

"Die tent van samekoms" was aanvanklik 'n tent buitekant die laer (Eks 33:7) waar Moses JahWeH, die God van Abraham, Isak en Jakob ("die HERE" van 1933/53 AOV) geraadpleeg het namens die volk van Israel. Daar het Moses en die leiers van Israel bymeekaargekom vir regspraak deur JahWeH te raadpleeg (Eks 18:15-16). Hierdie "gebeds-tent" wat Moses gebruik het as "gebedskamer", het in gebruik gebly nadat die Tabernakel opgerig is. God het vir Moses die Hemelse Tabernakel gewys vlg. Heb 8:5, waarvolgens Israel dit gemaak het (Eks 25:40). Rondom die Tabernakel (200 x 50 el) het die 12 stamme van Israel afsonderlik laer opgeslaan aan die voet van die berg Horeb (Num 2:2). Aaron was die eerste hoëpriester. Daar was 7 offerplekke rondom die Tabernakel vir spysoffers, wat ons vandag ken as "vleis braai". Die Tabernakel bestaan uit 3 dele: Voorhof, Heiligdom, Allerheiligste, elk met 'n Poort as ingang, 8 el wyd. Elke poort van ingang het heen gewys na Koning Jahshua Messias (Jesus Christus), die Enigste Deur tot die Vader (Joh 14:6). Die 3 dele van die Tabernakel was op 'n gelykte, met die Allerheiligste hoër as die Voorportaal a.g.v. 'n effense skuinste. Die Tabernakel was 'n plek van samekoms vir die 12 stamme van Israel vir hoofsaaklik geestelike sake. Die voorhof was sonder dak. Die bedekte Heiligdom en Allerheiligste was genoem "Tabernakel van die tent van samekoms" (Eks 40:2,6) (Omtrek 10 x 28 = 280 el) waar Israel saamgekom het om JahWeH te aanbid deur reiniging, gebed, bespreking, lofprysing, raadpleging, ens. Die dak oor die Heiligdom en die Allerheiligste verteenwoordig die beskermende Hand van God oor ons.

### 1 VOORHOF - BYMEKAARKOM

Algemene Geestelike en Fisiese voorbereiding geskied voor die Voorhof betree word. Die ingang tot die voorhof was 20 el breed met 3 openinge van 6,8,6 el onderskeidelik. Die opening tussen die 2 middel pilare was 8 el. Die regterpilaar word genoem Jagin (Geestelike Reinheid) en linkerpilaar Boas (Fisiese Reinheid) (1 Kon 7:21). Elke persoon wat ingaan na die voorhof onderneem om 'n lewe van heiligmaking te leef deur binne die Goddelike grense te leef wat God-3-Enig stel vir: Liefde tot God-3-Enig, Liefde tot die mens, Geestelike Reinheid en Fisiese Reinheid, ens. Die totale voorhof was 100 el lank, 50 el breed en 10 el hoog, en sonder dak - persone het daar geen beskutting teen die elemente gehad nie. Die eerste gedeelte van 50x36el het gedien as 'n bymeekaarkomplek voor die brandoffer altaar, uitgesluit die 14x50el beweeg ruimte vir die priesters. Die voorhof verteenwoordig 'n plek van bymeekaarkom voor die ingang van die Tent van samekoms (Lev 8:3-4). Saam kuier, saam eet, saam gesels, besprekings, rus en stiltraak, dien ter voorbereiding van die Gemeenskap van die Heiliges in die Heiligdom.

### 2 BRANDOFFER ALTAAR EN KOPER WASKOM - REINIGING

Die brandoffer altaar (Eks 40:29) was 7 el lank, 5 el breed en 3 el hoog. Daar was 4 offers gebring: 1) Die sonde-offer ter vergifnis van sondes vir die priesters. 2) Die sonde-offer vir die volk en individue. 3) Spysoffer vir priesters. 4) Spysoffer vir die volk op feesdae vir eet in die Heiligdom. Die laaste offer vir sonde is betaal toe die Lam van God - Jahshua Messias (Jesus Christus) vir ons ge-offer is op Golgota aan die Vloekpaal, met Sy kruisiging. Uit die Wet van God weet elkeen wat sonde is en kan ons onself nie verlos van ons sondeskuld nie. Na sondeskuldbydenis en regverdiging deur die Bloed van die Lam, mag ons in die heiligdom ingaan (Heb 10:19). Die koperwaskom was 3 el in deursnee en 3 el hoog. Die water daarin was gebruik om vuilheid mee af te was. Die koperwaskom verwys na die reinigings proses voor die Heiligdom betree mag word en dien as spieël om jouself in te sien vir wie jy werklik is en hoe jy werklik optree teenoor God-3-Enig, die mens en God se skepping. Daar was 3 kookpote vir voedselvoorbereiding en kook van kersvet vir die kandelaar, 3 el in deursnee, 4 el hoog met pote van 1/2 el hoog (Lev 8:31). Die werksruimte vir diensoende priesters was 50 x 14 el, met 'n ingang en uitgang aan die noordekant, elk 2 el breed.

### 3 TOONBRODE TAFEL - WOORD

Die ingang tot die heiligdom was presies soos die ingang tot die voorhof. Elke persoon wat ingaan na die heiligdom onderneem om 'n lewe van heiligmaking te leef, en sodoende binne die Goddelike grense te leef wat God-3-Enig stel vir Liefde tot God-3-Enig, Liefde tot die mens, Geestelike Reinheid en Fisiese Reinheid. Die heiligdom was die area waar die heilige byeenkoms plaasgevind het voor die Allerheiligste. Die heiligdom verteenwoordig Geesvervulde gemeenskap van die heiliges rondom die Woord van God. Dit was 90 el lank, 42 el breed en 9 el hoog. Die tent van samekoms het vir 'n dak 'n dekkleed van rooigeverfde ramsvelle gehad, 6 en 5 seile in die lengte. Die toonbrode tafel (Eks 40:22) was 1 el lank, 'n kwart el breed, 3 el hoog en het die toonbrode op gehad. Met die lees uit die Skrif word die geskrewe Woord van God oopgebreek en verder herkou tydens bespreking (Mat 4:4, 6:11, 16:12). Met die fisiese breek van die brood en drink van die vrug van die wingerdstok (drankoffer) vier ons die geestelike en fisiese oorwinning van Koning Jahshua Messias oor die koninkryk van die duisternis (Mat 26:26-28). Slegs 1 maal per jaar word die Nagmaal gevier tydens die herdenking van Pasga en Kruisiging (Eks 12:13-14). Daarna vier ons met die "breek van die brood en drink van die wyn" die oorwinning van Koning Jahshua Messias soveel keer as wat nodig is (1 Kor 10:16-17, 1 Kor 11:20-28).

### 4 KANDELAAR - GETUIENIS

Die kandelaar (Eks 40:24) het 7 vlamme (Op 4:5) gehad en was 4 el hoog. Dit het aan die linkerkant van die Heiligdom gestaan. (Aan ons linkerkant wanneer ons ingaan). Die vlamme van die kandelaar het lig verskaf in die tent van samekoms en verteenwoordig onder andere die lewende getuienisse van die volgelinge van Koning Jahshua Messias as ligdraers in die byeenkoms. Lewende getuienisse word gelewer deur persone gevul met die Heilige Gees, wat dien as lig vir die byeenkoms en opbou van die gemeente.

### 5 REUKOFFER ALTAAR - LOFPYRSING en DANKSEGGIN

Die goue reukoffer altaar (Eks 40:26) was 7 el lank, 3 el breed en 3,5 el hoog. Die reukoffer dien om God-3-Enig: Vader JahWeH, Koning Jahshua Messias, Heilige Gees Jah Kodesh Ruach te loof, te dank, te eer en te prys vir al die liefde, barmhartigheid, raad, krag en seëninge wat ons van God-3-Enig ontvang. Lofprysing tot God-3-Enig geskied deur samesang en danksegging deur dankgebede.

### 6 VOORHANGSEL - TOEGANG

Die ingang na die Allerheiligste is die Voorhangsel. Die Voorhangsel was 42 el lank, 9 el hoog en het 4 pilare gehad. Die oomblik toe Koning Jahshua Messias aan die vloekpaal op Golgota Sy laaste asem uitblaas het, het die Voorhangsel van die Tempel in Jerusalem in die middel deur geskeur. Van daardie dag af gee Koning Jahshua Messias alleen, as die Enigste Deur, vir ons toestemming en toegang om die Allerheiligste, die Troonkamer van ons Hemelse Vader, binne te gaan. Die 4 vrae waardeur Koning Jahshua Messias aan ons toegang verleen tot die Allerheiligste is: Is elke persoon hier teenwoordig se 1) Liefde tot God-3-Enig, 2) Liefde tot die mens, 3) Geestelike Reinheid en 4) Fisiese Reinheid binne Goddelike grense vir die sitting/byeenkoms? Indien al 4 antwoorde JA is verleen Koning Jahshua Messias aan ons toegang tot die Allerheiligste.

### 7 ALLERHEILIGSTE - RAADPLEGING

Die Allerheiligste het vlg. Heb 9:4-5 bevat: 'n goue wierookbak (Opb 8:3) en die Goue Ark van die Verbond waarin die goue kruik met die manna was, die staf van Aäron wat gebloe het en die 2 kliptafels van die verbond (10 Gebooie). Daar bo-op het die gérubs van die heerlijkheid die Versoendeksel oorskadu. Vlg. Num 7:89 het Moses God se Stem met hom hoor spreek vanaf die Versoendeksel, wat die Troon van God verteenwoordig (Opb 7:15-17). Die Lam van God - Koning Jahshua Messias is vir Ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, deur wie ons toegang verkry tot die Allerheiligste en nou in 'n nuwe verbond God die Vader mag raadpleeg met Urim en Thummim (Raadpleging Toerusting). Die Allerheiligste was 42 el breed en 10 el lank. Die Robveldak was 6 stroke van 42 el.

VOORHOF

HEILIGDOM

ALLERHEILIGSTE